

Skriflesing: Psalm 5Teks: **Psalm 5: 8-9****Sing- VOORAF SANG- Ps. 121:1,2****TYDENS EREDIENS- Ps. 18:13,14; Ps. 94:5,6; Ps. 142:1,5,6; Ps. 97:1,7; Sb. (2-4) 33:1,3****Psalm 5****Psa 5:1** Vir die musiekleier; met fluite. 'n Psalm van Dawid.**Psa 5:2** o HERE, luister na my woorde, let op my versugting.**Psa 5:3** Gee ag op die stem van my hulpgeroep, my Koning en my God, want tot U bid ek.**Psa 5:4** In die môre, HERE, sal U my stem hoor; in die môre sal ek dit aan U voorlê en afwag.**Psa 5:5** Want U is nie 'n God wat behae het in goddeloosheid nie; die kwaaddoener sal by U nie vertoef nie.**Psa 5:6** Die onsinniges sal voor u oë nie standhou nie; U haat al die werkers van ongeregtigheid.**Psa 5:7** U sal die leuensprekers laat omkom; van die man van bloed en bedrog het die HERE 'n afsku.**Psa 5:8** Maar ek, deur die grootheid van u goedertierenheid mag ek in u huis ingaan, my buig na u heilige tempel, in u vrees.**Psa 5:9** HERE, lei my in u geregtigheid om my vyande ontwil; maak u weg voor my reg.**Psa 5:10** Want in hulle mond is niks betroubaars nie; hulle binneste bring onheil; hulle keel is 'n oop graf; hulle maak hul tong glad.**Psa 5:11** Verklaar hulle skuldig, o God! Laat hulle val deur hul planne; dryf hulle weg oor die menigte van hul oortredinge, want hulle is wederstrewig teen U.**Psa 5:12** Maar laat hulle almal bly wees wat by U skuil; laat hulle vir ewig jubel, en beskut U hulle; en laat in U juig die wat u Naam liefhet.**Psa 5:13** Want U seën die regverdige, o HERE, U omring hom met welbehae soos met 'n skild.**Skriflesing:** Psalm 5Teks: **Psalm 5:8-9****Sing- VOORAF SANG- Ps. 121:1,2****TYDENS EREDIENS- Ps. 18:13,14; Ps. 94:5,6; Ps. 142:1,5,6; Ps. 97:1,7; Sb. (2-4) 33:1,3**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in die reeks wat ons poog God se Woord uit die Psalms oor te bring, beweeg ons vandag na Psalm 5. Psalm 3 was 'n môrelied, Psalm 4 verlede Sondag was 'n aandlied, nou is Psalm 5 weer 'n oggendlied. Spesifiek 'n lied met fluit-begeleiding, 'n môrelied by Dawid se môre-offer wat hy baie rou emosie wys ... Dit wys vir ons alreeds iets van die ritme van die lewe, van dit word dag en dan word dit weer nag en ná die nag weer die nuwe dag. Tog is ons gevoelens nooit noodwendig altyd dieselfde nie. Die een dag kan ek nog sterk voel en net die volgende dag, ai hoe kan ons ou wêreldjie dan net nie ineen tuimel nie ... In alles kan ons maar weet al is van hierdie Psalms al meer as 3000 jaar terug geskrywe en het daar sekerlik baie dinge in die lewe ingrypend verander, is daar tog die dinge wat oor 3000 jaar nie veel kon verander nie.

Waar mense in nood verkeer, of daar is ekonomiese krisis (armoede) of ek word ernstig siek, of ek word fisies bedreig, of ek kry swaar vanweë valse beskuldigings, of ek ly onder liefdeloosheid of daar is grootskaalse korrupsie soos wat tans in ons land blootgelê word, dan is dit asof die Psalms eintlik maar vir vandag geskryf is. Daar is geen emosie, blydschap of hartseer

wat nie in die Psalms na vore kom nie. Gestel Psalm 5 het ontstaan rondom wat in 1 Sam 30 met Dawid gebeur het, dan kan baie van die dinge wat in die Psalm staan na 'n baie swaar tyd in Dawid se lewe heenwys. Ons lees in 1 Samuel 30 vers 6: *6 En Dawid het dit baie benoud gehad, want die manskappe het gepraat om hom te stenig; want die siel van al die manskappe was verbitterd, elkeen oor sy seuns en sy dogters; maar Dawid het homself versterk in die HERE sy God ...* Veral die einde van wat Dawid gedoen het, is wat Psalm 5 ook doen ... om my in die HERE, Hy wat God is, te versterk.

Dit was verskriklike gebeure wat by Siklag afgespeel het, ook die mense die naaste aan Dawid, sy vroue en so baie kinders is as gevangenes weggevoer. Daarom is die veronderstelling geensins vêrgesog om te dink dit is in sulke omstandighede soos dié rondom 1 Sam 30 wat ons Psalm 5 kan lees nie. Ons het reeds gesê die Psalm werk met rou emosie. Pyngedagtes en pynlike woorde wat spreek van 'n seer en bekommerde bestaan. Dawid wys aan ons dat ek nie my hulpgeroep en sugte eers in mooi woorde moet probeer verpak as ek hiermee na die Here wil gaan nie. Hy praat reguit met die Here soos dit uit sy hart kom. Al het ek nie eers behoorlik die regte woorde om mooi te sê dit wat my regtig so ontstel nie, kan ek eenvoudig dan net my sugte voor die Here bring – dit is wat in vers 2 bedoel word: *Luister tog na my woorde, Here, hoor hoe ek sug.* Hy praat baie direk tot die Here. Ja, soos een kommentaar dit stel God se oor is tot ons gerig. As ons met die Here praat is dit nie asof ons sommer maar net die ruimtes inpraat nie, maar ons praat tot in die oor van die Here. Dit sluit aan by Psalm 142 soos berymd- *Ek klaag my node in Gods oor ...*

Wanneer die digter hier 'n nuwe dag moet begin dit vir hom alreeds 'n sware dag is, reeds by die eerste lig. Hy is wel by die heiligdom, die kerk van sy tyd, hy bring in sy nood wel nog sy môreoffer. Dit is nie asof hy voorwaardes stel die Here moet my eers verhoor voordat ek sal offer nie. Ons kan aanvaar al offerend laat hy sy kerme en klae hoor. Om my in die Here te versterk is die uiteindelijke doel maar dit sluit in 'n geestelike stryd wat ons bereid sal wees om te moet bly stry. Om met die Here oor hierdie geweldige dinge in sy lewe te worstel wat ander mense hom aandoen, hy praat van mense met hulle goddeloosheid, kwaaddoeners wat nie by die Here mag vertoef nie. Onsinniges wat nie voor die Here sal standhou nie, werkers van ongeregtigheid, ja sê die digter, die Here haat die werkers van ongeregtigheid, die Here laat die leuensprekers

omkom; dan word sy uitinge nog sterker. Die Here het 'n afsku van die man van bloed en bedrog. Wat ons Dawid hier sien doen, is hy is met 'n baie persoonlike stryd besig maar tog huiwer hy nie om God in sy diep persoonlike aan te roep nie.

Ons kan byna dit noem 'n tussenspel en Dawid huiwer nie om daartussen te beweeg van hoe God, die Heilige in alles, nie sal huiwer om betrokke te raak in die sonde van mense en daardie mense uitermate hard straf wat God in sy heiligheid so meedoënloos tart nie. Die digter aanvaar hy kan in sy persoonlike stryd ook God daarby betrek. As mense ander tot hulle eie voordeel wil misbruik, soos wat dikwels in die wêreld gebeur soos bv. dat politici die media net tot hulle eie voordeel wil manipuleer dan sien die digter dit raak dat God ken die bedoelinge van mense se harte en God sal nie huiwer om dit bloot te lê nie.

As Dawid vir die Here baie persoonlik aanroep, moet ons dit ook goed onderskei. In sy baie persoonlike sugtinge tot die Here laat Dawid nie vir 'n oomblik God se koningskap buite rekening nie. Om God in vers 3 as *my Koning en my God* aan te roep veronderstel dat Dawid in sy kerkgang of tempelgang hom voor God se troon wil stel. Hy is oortuig God regeer, God gee aan elke gelowige baie persoonlike en liefdevolle aandag, ek moet wel bereid wees om op die Here se tyd te wag. Ook te wag op die manier hoe God wel die uitkoms sal laat gebeur.

Ook te wag wanneer die tempel wel 'n realiteit sal word want die werklik geboude tempel moes daar nog op gewag word. Ons weet die werklik geboude tempel is eintlik eers in Salomo se tyd gebou en het daar nog nie fisies eers so 'n tempel bestaan wat Dawid wel in sy gedagtes 'n beeld van kon vorm nie. Tog kan sy gedagtes werk of God se tempel reeds staan. Dis alleen met so 'n veronderstelling wat vers 8 vir my sin kan maak - *Maar ek, ek mag deur u groot liefde in u huis ingaan en in u heilige tempel buig met die eerbied wat aan U verskuldig is.*

Mag dit wees, geliefdes, ook op u toegepas vanoggend, dat dit liefde vir God is wat u na sy huis laat kom het. Dawid besing God se liefde as die groot liefde wat hom in God se huis laat ingaan wat hom met heilige erns in die heilige tempel voor God laat neerbuig. Kyk weer mooi na vers 8, want as dit nie was vir die grootheid van God se goedertierenheid vir ons, die grootheid van God se liefde vir ons, sy kinders, dan sal kerkgang nie kon plaasvind nie.

Ja, ons mag in die Naam van Christus dit nog duideliker stel want Christus is die laaste, die grootste bewys van hoe groot God se liefde werklik vir ons is. Dit is op grond van Dawid se kerk-gedagtes, sy gedagte-gaan na die tempel, sy bring van die die môre-offer wat hy dan weereens nie huiwer om alle mense wat weg van God leef daarop te wys hoe verkeerd hulle wee nie geword het nie.

Vv 9-11 is Dawid weer baie duidelik met sy vyande besig maar ons kan hulle ook nou beskryf as “kerk-vyande”. In die ‘83 Vertl staan dit heel vereenvoudig as ons lees - *Omdat ek vyande het, Here, leer my tog wat reg is en help my om u wil te doen. 9 (5:10)Niks wat hulle sê, is waar nie; al waaraan hulle dink, is my ondergang; hulle vlei my, maar hulle wil my in die graf laat beland. 10 (5:11)Laat hulle daarvoor boet, o God, laat hulle deur hulle eie planne tot niet gaan. Dryf hulle weg oor hulle baie sondes, want hulle is opstandig teen U.*

As ons dieselfde verse in die 1933- ’53 Vertl lees dan is dit so ’n duidelike weerklank van wat Paulus later in Romeine 3 skrywe, waar hy die mens onder die mag van die sonde voorstel- In die 1953’ Vertl het ons Psalm 5 gelees - *HERE, lei my in u geregtigheid om my vyande ontwil; maak u weg voor my reg.9 (5:10) (Veral het hierdie deel in Romeine ’n duidelike weerklank ...)* *Want in hulle mond is niks betroubaars nie; hulle binneste bring onheil; hulle keel is ’n oop graf; hulle maak hul tong glad. 10 (5:11) Verklaar hulle skuldig, o God! Laat hulle val deur hul planne; dryf hulle weg oor die menigte van hul oortredinge, want hulle is wederstrewig teen U.* Paulus het sekerlik Psalm 5 ook in gedagte kon hê as hy skrywe (Rom 3 vv 12 ev)... *Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. 13 Hul keel is ’n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe. 14 Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid. 15 Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. 16 Verwoesting en ellende is in hulle paaie, 17 en die weg van vrede ken hulle nie. 18 Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie.*

Tussen wat Dawid in Psalm 5 geskrywe het en wat Paulus baie honderde jare na Dawid van die mens in Romeine aflei, is dat die mens in homself/haarself geen eie vermoë tot verbetering kon toon nie. Soos Dawid sy vyande sien, so sien Paulus die mens wat hom/haar nie deur die geloof laat lei nie. Ja, dieselfde mens wat ons in Sondag 2-5 van die Kategismus ook leer ken het, die

sondige, ellendige, verlore, haatlike mens, dit is die mens sonder Christus. Sondag 6 sal dit sekerlik ook weer aan ons kan bevestig.

Wat Psalm 5 baie duidelik aan ons wys dat Dawid self kan niks doen om die kwaad op te ruim nie. Maar God doen dit ... Ons kan dit nog duideliker stel- God werk met wat sy verbond is en sy verbond is sy beloftes aan ons wat Psalm 5 se twee laaste verse is vir verbondskinders bedoel. Kinders van God in sy Naam gedoop wat op sy beloftes mag vertrou. Vir sulkes is vv 12 en 13 bedoel - *Maar laat hulle almal bly wees wat by U skuil; laat hulle vir ewig jubel, en beskut U hulle; en laat in U juig die wat u Naam liefhet. 12 (5:13) Want U seën die regverdige, o HERE, U omring hom met welbehae soos met 'n skild.*

Dis wonderlik om in die heiligdom van die Here, ja as deel van God se Kerk ook as ons met vrees weet God wil my weg voor my regmaak en reguit maak. Ek buig voor Hom, so wou ek na God se huis kom, so mag ek hier weggaan. As jy as God se kind niks meer kan doen nie, dan het God reeds ingegryp. Dit is so 'n ryke troos vir die mens wat met rou emosie worstel, met rou hartseer jou vrae bly vra, ja selfs mag ek weet en dit is so 'n wonder. Terwyl mense jou mag haat en daar selfs haatlike dinge om my en met my gebeur, is die Here die Een wat jou liefhet.

'n Liefde wat in Christus spreek. Met Hom het die verskriklikste gebeur, nog groter as die verskrikkinge van Psalm 5. As mense jou verontreg, kyk hoe verontreg was Hy! As jy belaster word, let op die belastering wat Hy moes deurgaen! Met die Psalms wat ons nou reeds by was, veral Psalms 3 tot 5, wat afwisselend oggend en aandliedere is, besef ons die Psalms is eintlik niks anders as gebede nie. Met die Psalms kan daar in die grootste spanning tog wel tot God genader word. Hy, in Christus die Oorwinnaar oor wat my so kan onderkry. So is die Psalms tegelyk 'n gebed wat ons mag noem die sleutel vir my oggende en die grendel van my aande. Wag op die Here, soos Dawid bereid was om te doen. Hy praat selfs van om af te wag ... (v 4).

Met Psalm 5 leer ons ook om te haat die dinge wat God haat. Ek wil nie uit pas wees met God se heilige wil nie. Dit is God se heilige wil dat daar gereeld erediensbywoning moet wees, dat daar in dankbaarheid dankoffers ook in ons oggend- en aandlewe sal wees. Dat sy Woord in alles gelees en gerespekteer sal word. Dat sy Woord só verkondig moet word ... Ons kan aanvaar die

Psalms is in geheel geharmoniseer met wat God se werklike wil vir ons lewe is. Hierin is die woorde van waarheid, hierin staan die musiek van God se heilige wil, geharmoniseer met God se heilige raad en wat sy uiteindelijke plan met sy kinders is wat ons eenvoudig voor moet wag.

AMEN

Sing- Ps. 97:1,7

Sondag 6

16 Vraag: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?

Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal. Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie

17 Vraag: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?

Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid te kon dra en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee.

18 Vraag: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God en ware regverdige mens is?

Antwoord: Ons Here Jesus Christus, wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het.

19 Vraag: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld. Eindelijk het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul.

Soos wat dit in ons lewe moet wees, so is die Kategismus ook, dat jy nooit dinge moet vooruitloop nie. Die oomblik as dinge vooruitgeloop word dan gaan daar van die belangrike dinge skade ly en verlore gaan. Ons kan nie by die Verlosser uitkom as daar nie op die regte manier na Hom gegaan word nie. Die regte manier is ons belydenis se manier van hoekom is Hy ware en regverdige mens...hoekom moet Hy dit wees...maar asof die vraag in heiligheid bo alles uitstyg, hoekom is dieselfde Mens terselfdertyd ware God...hoekom moet Hy ware God wees. U kom agter en ons stem saam, hierdie WAAROM-vrae, gaan om die wese van die Middelaar.

Die vereistes, sy Wese moet voor sy Persoon staan. Eers as ons oor sy wese duidelikheid het, kan daar oor sy Persoon duidelikheid kom. Hierdie noodsaak tot ware mens-wees sal u in Sondag 5 onthou het reeds met God se geregtigheid begin. Die reg van God- die sentrale deel van Sondag 5 moet aan voldoen word. Daar kan nie betaal word as God se reg nie voorop staan nie, en God se reg eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal. Dit is wesentlik.

Dat die Verlosser wat moes kom waarlik mens mens wees. Dit is 'n Goddelike moet dat Hy mens moes wees. 'n Waaragtige regverdige mens.

Dit is tog wel ook opmerklik dat ons belydenis begin nie by die punt waarom die Middelaar God moet wees nie, maar waarom die Middelaar mens moet wees. Ons sou selfs kon sê waarom moes die Middelaar familie van ons wees, om ons te kon verlos. Die Woord neem ons terug na Genesis, na die moederbelofte (die moederbelofte genoem, want hierdie belofte is die moeder, is die oorsprong van al God se beloftes.) En daar gee die Here die belofte dat die saad van die vrou, m.a.w. 'n mens, sal die slang die kop vermorsel, en hy sal die mens in die hakskeen byt. Die mense saad, die mense hakskeen, begin al daarheen wys, dat die verlosser 'n mens sal moet wees.

Hy sou 'n mens tussen mense moes wees, een soos ons, uitgesonder die sonde. Hy sou bloed van ons bloed, uit 'n vrou van nege maande swangerskap sou Hy gebore moes word. Hy sou 'n geslagsregister en stamboom moes kon toon, en sou wees soos elke hulpelose klein babatjie, alles moet vir die baba gedoen word, op agt dae sou Hy ook besny moes word, soos elke ander kind sou Hy moes opgroei. As hy saam met sy pa, Josef werk, hy doen saam met sy pa die werk van 'n timmerman, dan sal hy ook kon seerkry, sy vinger met 'n hamer raakslaan. Hy het gestaan onder sy ouers se gesag, Hy het skool toe gegaan, waarskynlik die sinagogeskool bygewoon, en later, selfs ook toe Hy volwasse was, was Hy 'n mens wat honger kon word, dors kon word, hartseer kon word, kwaad kon word, hy het gesweet, gebloei, gesterwe, soos enige mens dit sou doen.

Jesus moes nie net mens wees nie, maar Hy moes **regverdige** mens wees. Regverdig bedoel nie dat Jesus net 'n billike mens sou moes wees nie, maar Hy sou sondeloos, skoon, 'n heilige mens moes wees. 1 Korintiërs 1:30 vat dit alles eintlik so mooi saam as daar staan – *Maar deur Hom is julle in Christus Jesus wat vir ons geword het, wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.* Jesus was dit alles VIR ONS – 'n Mens van wysheid, 'n mens van geregtigheid, 'n heilige mens, daarom kan Hy ons verlossing en ons Verlosser wees. Die verlossing van die mens, die Verlosser van God, is in Jesus alleen moontlik gemaak.

Jesus die Verlosser, die volkome regverdige, wyse, heilige, mens, Hy is tegelyk volkome God, waarlik God – die seun van God. Hy is God uit God, Lig uit Lig, soos ons belydenis van Nicea met die diaken Athanasius, dit duidelik teenoor die ouderling Arius gestel het. Met die doop van Jesus in die Jordaan noem God vir Jesus – sy geliefde Seun, en weer by die verheerliking op die berg hoor ons, Jesus is God se geliefde Seun.En voor die regbank van Kajafas kom die vraag van Kajafas met ‘n eed- *Ek besweer U by die lewende God, dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God is.* En dan sê Jesus – *U HET DIT GESÊ . En Ek sê vir u. Van nou af sal U die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel.*

Daar is net een God en een middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus. Hy, die Immanuel, die God met ons, die Seun van God en die Seun van die mens. Hy alleen kon as mens ook van sy ewigheid praat, omdat Hy ook God is. As Seun van God reik sy lewe terug tot in ewigheid en reik dit vooruit tot in ewigheid. Genesis 1 begin met Jesus, want ons lees Johannes 1- *Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.* Openbaring 11:15 –*Hy sal nog in die toekoms tot in ewigheid regeer* en ook Hebreërs 13:8-*Hy is dieselfde van ewigheid tot ewigheid.*

Jesus kon sy hand op God lê en op die mens. Die God van Wie Hy kon sê – *Ek en die Vader is een* (Joh.10:30) Ons het hier te doen met ‘n groot wonder, ‘n geheim. Soos Paulus sê – *Hierdie verborgenheid is groot, God is geopenbaar in die vlees.* Ons praat oor groot dinge, dinge wat ons verstand nie kan bevat nie, maar ons belydenis kom tog met die vraag, voor ons by die vraag 18 kom – *Waaruit weet jy dit?* Iets van die verborgenheid moet gewet word. Die “dit” is ‘n klein woordjie met groot betekenis.

Ons vra nie mekaar hoe voel jy oor Jesus, of wat is jou ervaring betreffende dié Jesus die Christus van God nie. Dit gaan nie vir ons belydenis oor gevoel of oor ervaringe of hoe vind jy vir Jesus nie, maar dit gaan oor iets wat vasstaan. Iets wat gewet kan word – **DIE DIT ...WAARUIT WEET JY DIT,** is ’n baie groot saak? En dan sal Sondag 7 hierdie weet baie

duidelik omvat. Hierdie weet is 'n weet in die geloof. Dit is waarom Sondag 7 vir ons vra – **Wat is 'n ware geloof?**

Die diepste wete, die geloof laat my weet. En dan kan alleen ons geloof antwoord op die dit – **Waaruit weet jy dit?** Ons het die aangrypende antwoord reeds bely ... **Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het . Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld. Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul .**

Die moederbelofte van Gen. 3 en die laaste bladsy van Openbaring trek alles in Hom saam. Die Ou en die Nuwe Testament het nie die een maar 'n ou boodskap en die ander 'n nuwe boodskap nie. Nee, die hele Woord van God is een blye boodskap wat wel in die Nuwe Testament al duideliker en duideliker openbaar wie die Christus nou waarlik vir ons is.

Sonder die geloof kan ons vraag 18 nie antwoord nie. **Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God en ware regverdige mens is? ONS HERE JESUS CHRISTUS,** dan bely ons sy Naam soos 1 Korintiërs 1:30 Hom aan ons openbaar. Ons bely dat Hy vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee is. Ons hoef nie langer sidderend in die newels van onsekerheid te verkeer nie. Dis helder, dis duidelik, daar is net Een soos Hy, Hy Jesus Christus, Hy is ons Middelaar.

Sondag 6 het vandag die werkmiddel in die hand van die Heilige Gees bely om die geloof in ons harte te bevestig. Die Woord is die Heilige Gees se werkmiddel, maar daar moet ook geloof in ons harte kom. Sonder geloof sal jy Christus net so min leer ken, soos wat jy Hom sonder sy Woord kan leer ken. Sondag 7 tot Sondag 23 is bedoel vir gelowiges. Net deur die geloof kan jy deel kry aan Wie Christus werklik is. Daaroor sal ons 'n volgende keer moet handel.

AMEN